

WIT SPIKKELTRUI

BENODIGDHEDE: Sirdar Snuggly Double Knitting (50-g-bolle), ongeveer 150 g wit en 'n paar gram liggeel; 'n paar breinaalde van 3,50 mm; 2 knopies; 1 meter smal satynlint.

MATE: Om borsmaat van 48 cm te pas; lengte vanaf skouer 32 cm; synaat 22 cm.

SPANNING: 23 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); gvt - garing vorentoe; tes - tesame; vlg - volgende; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); enkelrif - enkelriffelsteek, (= een steek regs, een steek aweregs deurgaans); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; herh - herhaal.
Let Wel: Dié trui word aaneengebrei deur by die middelboord van die agterpant te begin en by die middelboorde van die voorpante te eindig.

HOOFDEEL: Stel 56 ste op met wit, en brei 16 rye enkelrif.

Slaan oor na ks en brei 54 rye reguit.

Mousgatvorming: (Begin): Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Brei reguit voort tot 24e ry na afhegrye voltooi is, en eindig met 'n aw-ry.

25e ry: r15 en plaas op reserwenaald; heg 20 ste af, r15 en brei voort op dié 15 steke.

***26e ry:** (VK) Deurgaans r.

27e ry: (RK), r1, (gvt, r2tes) tot einde.

28e ry: (VK) deurgaans r, vermeer 1 st aan halsrand in dié en elke vlg 4e ry.

Vlg 5 rye: ks, dus r-ry, aw-ry, r-ry, aw-ry, r-ry*.

Herh van * tot * nog 3 keer, plus eerste 3 rye — dus 5 gaatjiesrye altesaam.

Mousgatvorming: (Einde): Stel aan einde van vlg ry 3 ste op.

Hou aan met vermeer van 1 st elke 4e ry aan halsrand tot 40 ste in gebruik is by 54e ry vanaf mousgat.

Slaan oor na enkelrif en brei 16 rye. Heg rifsgewys af.

Brei oor oorbl. ste op dieselfde manier, met vorming omgekeerd.

MOUE (2): Stel 38 ste op en brei 16 rye enkelrif.

Slaan oor na ks.

Vlg ry: r1 (brei 2 keer in vlg st, r3) 10 keer — 48 ste.

Brei 30 rye reguit.

Heg in vlg ry al die ste af.

RANDSTROOK: Met verkeerde kant van werk voor, begin by onderste rand van middelboord op voorpant en tel steke op oor voorpantrand, halsrand en ander voorpant-rand tot by onderste rand van middelboord. Brei 6 rye koussteek. Heg lossies af, vou randstrook na regte kant om en glipsteek afhegrand aan opstelrand vas.

AFWERKING: Werk moue in mousgate vas. Werk sy- en mounate toe. Borduur V-vormige motiefies met geel breigaring op voorpante. Ryg linte deur gaatjies op skouerstuk en werk eindpunte van linte netjies aan verkeerde kant vas.

